



# NG JEFFREYSBAAI

Raak bewus

**Opstandings Sondag!** Selfs al is dit in die grendeltydperk! Jesus het opgestaan. Niks is groter as God nie! (Wat is die kleur in jou gemoed?)

Oordink die Woord

Lees *Johannes 20*. Kom ons bou die storie in blokkies.

- Sondag, nog donker: Wat sien Maria? Wat doen sy?
- Die ander dissipel: Wat doen hy? Wat sien hy?
- Simon Petrus: Wat doen hy? Wat sien hy?
- Maria bly by graf: Wat sien sy? Wat doen sy?
- Sondagaand: Wat sien die dissipels?
- Agt dae later: Wat sien Thomas?

Maria sien eers net die graf, die eerste dissipel sien die graf en eerste doeke, Petrus sien ook die tweede stel doeke, dan sien Maria later vir Jesus, Thomas sien die wonde, en sou bou die storie. Elke keer bring hulle “sien” bietjie meer kennis, bewyse. Niemand weet wat hul volgende gaan kry nie, maar elke keer is dit meer. Niemand het geweet wat dit beteken en hoe dit sou lyk dat Jesus oorwin het nie, maar stukkie vir stukkie word dit duideliker. Al die stukkie bewyse bou op om te sê Jesus het oorwin. So stukkie vir stukkie, van die een na die volgende groei geloof, verstaan en verstroue.

Dink aan die verlede, “sien die tekens” hoe God met jou(julle) op pad was, en hoe jou geloof meer en meer gegroei het. Laat toe dat dit jou versterk om te weet Jesus is steeds in vandag se onseker tye die Een wat oorwin. Hy het nie verander nie. Jy kan die onseker en onbekende pad stap, want Jesus se opstanding maak dit moontlik dat jy aan God se hand kan stap. (sonder die opstanding sou jy alleen moes stap.) Omdat jou sonde vegewe is, behoort jy aan Hom, en stap jy saam met Hom die onbekende tegemoet, wat dit ookal mag inhou.

Deel

Deel met jou gesin (op whatsapp as hulle ver is) wat is dit waaroor ons seker is (God en sy goedheid) en dan die dinge waaroor ons nou onseker is. Deel wat die eerste tree is wat ons elke dag vorentoe gee in die onsekerheid in. (Vir kleiner kinders sou mens blokke kon afbaken op die gangvloer en saam met hulle blok vir blok “sien” en aanbeweeg en bou aan die storie)

Gebed